Julie 2010 Jg/Vol 18.2

BILLI

Nuusbrief van die Vrystaatse Afdeling van die BKSA
Newsletter of the Free State Section of the MCSA

"TREKKING" IN PATAGONIË

- Charlotte Augustyn -

Die Grey gletser

Die meeste mense vra dadelik: "Waar is Patagonië?". Ek het intussen uitgevind dis letterlik aan die einde van die wêreld. Dit is aan die onderpunt van Suid-Amerika en die naaste aan Antarktika. Na 'n bietjie oplees en navorsing het ek en 'n vriendin besluit om Patagonië te besoek dmv 'n agentskap gebruik te maak aangesien ons nie so goed met die Spaans is nie.

Ons het Buenos Aires toe gevlieg en die volgende dag 'n vlug geneem na El Calafate, 'n kleinerige toeristedorpie met 'n Switserse atmosfeer. Dit is omring met sneeubedekte berge en is langs die Meer van Lago Argentino geleë.

Die volgende dag is ons per bus oor die grens na Chilli tot by Portes Natales. Dit is n hawedorpie teenaan die vele kanale wat verderaan met die see verbind is. Oorkant die kanaal het ek vir die eerste keer die sneeubedekte berge gesien waarvan die hoogste Cerro (berg) Paine Grande is. Hier strek al die berge vanaf seespieel en is hy dus slegs 3050m hoog; maar met al die gevare van Everest!

Ons gids, Mariano, het ons by die hotel ontmoet en hy het ons ingelig hoe ons program gaan verloop. Die volgende dag het ons in kayakke geklim en in 'n "fjord" afgeroei tot waar ons by 'n ou plaashuis afgeklim het. Ons is daar bederf met tipiese Chilliaanse koffie tot espanadas en nog vele meer. Ons is vroeg die volgende dag gehaal en na Torres del Paine Nasionale Park geneem. My opgewondenheid het geen perke geken nie, toe ek op pad soontoe die torings waarvoor Patagonia so bekend is, nl. Mirador Torres del Paine begin sien het. Ook oppad het

ons “guanacos” (kleiner lamas) gesien, asook “nundos”, wat byna soos n kleiner volstruis lyk.

In die park self het ek my verbaas vir die luuksheid van die “refugios”, soos hul hostelle genoem word. Ons sou die eerste aand in die Hosteria Las Torres slaap. Volgens Mariano was die plan om die “W”-roete te stap (wat lyk soos die naam aandui.) Ons het eers teen 12h00 begin stap in die Ascentio Vallei en deur pragtige woude van berkebome gegaan om by die Torings te kom. In die verte het ons die sneeubedekte pieke van die Cerro Edoardo gesien. Langs die pad het Mariano verskeie voëls uitgewys asook wat genoem word “indian bread”, ‘n wit, sampioenagtige uitgroeisel aan sommige bome. Dit is eetbaar en is vroeër deur die inboorlinge geniet as ‘n lekkerny. Weens gebrek aan tyd en agv. die lang afstand kon ons ongelukkig nie by die voet van die Torings uitkom nie, maar by ‘n uitkykpunt was dit pragtig in ligte mis gehul.

Die volgende oggend het ons ‘n afstand van ongeveer 11 km gestap al langs die Lago Nordenskjold na die Refugio Los Cuernos. Die blare van die bome het begin verkleur na herfsskakerings van geel, oranje en bruin en ek het geweet ons gaan nog baie mooi dinge sien. Ons het met ‘n bruggie oor ‘n bruisende gletserrivier gestap toe ons die “refugio” voor ons sien. Daar aangekom moes ons, ons stapskoene buite uittrek en ophang. ‘n Baie higiëniese idee, het ek gedink.
Die 3de dag het ons die middelbeen van die “W” in effense reënweer begin stap en het ons ook ‘n voorsmakie van die bekende Patagoniese winde ervaar. Die meer wat die vorige dag kalm was, was skielik soos ‘n see. Toe ek opkyk na ‘n waterval, sien ek dat die deel waar die water afstort, terugwaai in die kloof in stede van afval. Dit het gelukkig nie lank geduur nie en ons het voortgegaan met die klim in die Franse vallei.

By die Italiaanse kamp gekom, ‘n netjiese kampeerterrein met net die nodigste geriewe, het ons, ons rugsakke daar gelos en verder geklim omdat ons weer dieselfe roete sou afkom. Dit het net mooier geword en ek was verstom dat ons werklik met ‘n sneeubedekte berg en gletsers aan die eenkant in ‘n herfswoud kon opklouter. Gewoonlik is dit agv. die hoogte daarvan net ‘n eentonige klip en gruislandskap. Ons het kort-kort die dreuning van ‘n sneeustorting gehoor en het dan net betyds die massas sneeu sien afkom. Daarmee saam was die gevoel van hewige verligting dat ons nie daarin vasgevang was nie maar net die krag daarvan kon waardeer. Bo gekom het ons ‘n wonderlike, byna 360-grade uitsig gehad op wat genoem word die “Horns” aan die regterkant, die gletser en pieke van Cerros Paine Grande aan die linkerkant en die meer langs die herfswoude na onder in die verte. Dit is sulke mooi geestesbeelde wat jou brein vir altyd vassoldeer in jou geheue en wat nooit uitgewis kan word nie.

Dit was ‘n lang dag en ons het eers 18h30 daardie aand, baie uitgeput, by die pragtige Refugio Paine Grande aangekom.

Die volgende oggend het ons baie vroeg gestap om ‘n blik op die Grey Gletser te kry. Ons het langs die Lago Grey met drywende, los stukke, blou ysgletsers op, deur woude tot by ‘n uitkykpunt gestap en daar het ek die mooiste gesig in die verte aanskou. Dit was of ek myself wou knyp om dit te glo. Die Grey Gletser het lank en uitgestrek in die verte gelê met die sneeuberge wat in mere eindig. Ek moes myself daar wegskeur toe Mariano my roep toe ons moes terug-gaan om die boot 12h30 te neem na die oorkant waar ‘n motor sou wag om ons uit die park te neem terug na Porte Natales .

Torres del Paine Nasionale Park is voorwaar ‘n unieke omgewing met uitstaande prag en skoonheid. Die natuur bied aanskoulike topografie van ekstreme gletsers, mere, flora en fauna. ‘n Wonderwerk van volmaakte skepping !

Die Torres Del Paine in die Torres Nasionale Park

- Charlotte vertel in die volgende Billi van die Pueto Moreno Gletser, die Fritzroy Nasionale Park in Argentinië, asook van Ushuaia, die mees suidelike stad.

Nasionale Dinee

Die jaarlikse dinee van die Bergklub het op 15 Mei in Bloemfontein plaasgevind. Ons afdeling het dit vanjaar aangebied. Danksy die moeite van die reëlingskomitee was dit 'n suksesvolle geleentheid, alhoewel nie baie lede van ander afdelings dit bygewoon het nie. Riana en Mynhardt van der Merwe se praatjie met foto's van hulle bergklim- en avontuurwedloop-wedervaringe was 'n treffer.

Ricci Abbott (Juliekamp organiseerder) het die volgende kommentaar op die geleentheid gelewer (dit som op wat ons graag sou wou hoor oor die aand):

"First and foremost, many thanks and congratulations to you and your team that arranged and presented such a delightful dinner on Saturday evening. It was a memorable time - excellent food, good friends, considerate service, a stunning venue with lovely welcoming fires, subtle red wine and the most incredible hospitality.

Many many thanks and congratulations - it will be difficult to do better than that next year!"

Dave Jones: "I must congratulate the Free State Section on a really splendid dinner with a most challenging and interesting presentation by an enterprising couple in the Section who live near Kimberly." (Mynhardt and Riana van der Merwe)

Moolmanshoek

- Derek Odendaal -

Ons het hier aangeland in die herfs: 'n pragtige tyd van die jaar, met die lang populiere en ander bome in geel herfsjasse getooi. Die landskap was nog groen en die Witteberge mooi soos altyd. Ek was al so baie kere op Moolmanshoek – sedert die tagtigerjare met jeuggroepe, later om staproetes te beplan en dit uiteindelik telkemale te kom stap, ek het saam met die Nel-familie die nuwe millennium bo-op Visierskerf begroet, daarna het ek vir jare die Four Peaks bergwedloop hier kom aanbied – maar toe ek op 1 Mei hier wakker word, besef ek dit is nou my en Jacomí se tuiste. En dat ek na al die jare se gehunker na meer berge, nou tussen berge woon en werk. Wow!

Alhoewel mens maar moet aanpas by jou nuwe omgewing en omstandighede, geniet ek die berge elke dag en is ek bevoorreg om gou na werk 'n entjie deur die mooi landskap te gaan stap, of om op 'n Sondagmiddag net die berge in te vaar en 'n onbekende klofie of deel van die berg te gaan verken. Dis nou winter en die dae is kort. Ek sien uit daarna om op somersmiddae na werk 'n lang ent te gaan stap, te gaan fietsry tussen die wild deur of om te gaan hengel vir swartbaars in een van die damme. Hierdie wonderlike omgewing doen net iets aan 'n mens se gees en siel wat jou voed en verryk.

My werk is dikwels heel fisiek van aard, en ek stap ook baie oor terrein wat nie juis plat is nie. Ek is dus besig om lekker fiks en taai te raak en is reg om weer uitdagende

staptogte aan te pak. Julle sal dus moet byhou as ek weer ‘n staptog lei!

Ek moet erken dat ek nie juis Bloemfontein mis nie. Ek mis wel ‘n supermark naby en natuurlik vriende en kinders wat nou ver is. Maar ons sal ook hieraan gewoond raak.

Die kommunikasie met die buitewêreld kan maar ‘n frustrasie wees hier. Ek moes aanvanklik twee km ry om ‘n MTN sein te kry, totdat ek besluit het om oor te skakel Vodacom toe. Ek het steeds nie sommer net ontvangs nie – ek moet op sekere plekke gaan staan om ‘n sein te kry. Die landlyn raak by tye buite werking en dan kan dit ‘n hele paar dae neem voor Telkom besluit om die probleem aan te spreek. Internet-verbinding was ook tot onlangs ‘n groot probleem en frustrasie.

Met ‘n skootrekenaar en Vodacom se 3G kon mens nog soortvan regkom as jy in die Nels se huis gaan sit, maar met my lessenaarrekenaar en MTN 3G – vergeet dit! Ek kon na ‘n paar weke wel via ‘n gewone Telkomlyn weer internetverbinding kry, maar jy weet teen watter spoed dit is! Uiteindelik, nadat die Nel-familie ook genoeg gesukkel het en besef het mens kan nie deesdae behoorlik besigheid doen sonder ‘n vinnige en betroubare internetverbinding nie, het ons net voor die einde van Junie ‘n ordentlike verbinding via ‘n nuwe herleidingstoring en ‘n onafhanklike diensverskaffer gekry. Nou het selfs ek met my lessenaarmodel (via seine, skottels, “routers” en kabels) ook vinnige internet net waar ek dit wil hê. Dankie vir tegnologie!

Dis natuurlik koue wêreld hierdie, met nagtemperature wat nou in die winter gereeld onder minus 4 daal. Die feit dat ons papagaai na net ‘n paar weke van winter reeds kon sê “dis koud”, bevestig dit. Maar wat, ek is al vir jare lank gewoond aan Bloemfontein se koue - dis nie veel erger hier nie. Die wind waai wel bietjie meer, wat dit kouer laat voel in die dag. Dit help darem as ‘n mens ‘n kaggel in jou slaapkamer het en ‘n onbeperkte voorraad hout! Maar ek kan nie wag vir die somer nie!

Ten spyte van ‘n paar pyne en frustrasies, geniet ek dit om hier te woon en te werk – op ‘n plek waar besoekers baie betaal om te kom ontspan, en wat deur talle van hulle as die Paradys beskryf word.

Tongariro Alpine Crossing, Noord Eiland, Nieu-Zeeland

- Pat Fourie -

The Emerald Lakes

Ons het van Maart tot einde Mei 2010 vir ’n tweede keer vir die kinders in Nieu Zeeland gaan kuier. Hierdie keer was dit hoofsaaklik omdat ons ’n nuwe kleinkind ryker geword. ‘n Klein donkerkoppie met die naam van Francois, Jimmie en Leana se seuntjie. So tussen die kuier, speel en kleintjie oppas het ons die voorreg gehad om een van die gewildste stappe in Nieu Zeeland te doen, naamlik die Tongariro Crossing op die Noord Eiland. Hierdie stap is geleë in die Tongariro Nasionale Park en is ongeveer 79,598 hektaar groot. Die park is gesentreerd om drie aktiewe vulkane naamlik Tongariro (1,968m), Rua-pehu (2,797m), en Ngau-ruhoe (2,290m). Ngauruhoe, het op ’n stadium ongeveer elke 9 jaar uitgebars. Die laaste uitbarsting was egter in 1975 aangeteken. Mt Ruapehu

se kratermeer het met die 1995/96 uitbarsting heeltemal verdwyn, maar is besig om weer te vorm. Dikwels, op al drie Kraters is daar klein uitbarstings van stoom en as.

Op die hange van Mt Ruapehu is die Noord Eiland se enigste baie populêre ski-hellings. Daar is baie staproetes (of "tramping tracks" soos die Nieu Zeelanders sê!) in die Park en om die stelling te bewys is daar 24 berghutte met nie minder as 12 beddens per hut vir stappers om in te oornag .

Louis en ek het een Vrydag opgery, oorgebly in die Back Packers hostel in die Nasionale Park. Die volgende oggend is ons met die "shuttle" na die beginpunt van die Crossing geneem. Die afstand van die stap is 19.3k lank. Die roete begin op 1100m, die hoogste punt is 1886m en eindig weer op 800m. Die vorige nag het dit liggies gesneeu en daardie oggend het 'n baie koue, dun windjie gewaai.

The Red Crater

Aanvanklik was dit 'n geleidelike klim, langs ou uitvloeisels uit die vulkane. Ook, as gevolg van die uitvloeisels is daar bitter min tekens van plantegroei. Verder op raak dit steiler verby die Soda Streams. Stoom wat uit die aarde opstyg en die skerp reuk van swael laat jou besef die vulkaan is nog "aktief".

Die stap oor die "South Crater" het die gevoel van verlatenheid oor jou laat spoel ten spyte van die baie mense wat daar was. Die bietjie sneeu wat op die paadjie was, was gevries en het gekraak onder jou voete. Die kegelvormige Mt Ngauruhoe was regs van ons en jy kon 'n roete op daardie punt neem om sy spits uit te klim.

Die opdraande van die South Crater tot Red Crater was baie senutergend want dit was 'n nou, ongelyke paadjie wat kliphard geys was. Dit was erg glad en daar was geen vashouplek nie. Dit het gevoel jy gaan enige oomblik aftuimel die krater in! Die uitsig bo-op die kruin (hoogste punt) van die Red Crater was fantasties! Die muur van die krater is helder kleure van rooi, bruin en oranje wat skitter in die sonlig soos duisende blink klippies. Agter steek die sneeubedekte piek van Mt Ruapedu en die piek van Mt Ngauruhoe uit. Links is die piek van Mt Tongariro.

Voor ons het die paadjie weer skerp afwaarts geloop na die pragtige drie mere, "The Emerald Lakes". Watter ongelooflike kleure was die mere nie! Van diep seegroen tot koningsblou. Van die "Blue Lake" kyk jy af in die Sentrale Krater en kan mens goed verstaan waarom sommige van die tonele van "Lord of the Rings" se Mount Doom juis hier geskiet is.

Van hier af tot by die Ketetahi Oornaghut is dit 'n gemaklike stap. Jy beweeg weg van die lawa-bedekte oppervlakte. Hier groei gras en ander inheemse plante en soos jy aan stap het jy 'n pragtige uitsig oor grasvlaktes en natuurlike mere, gevorm lank gelede deur vulkaniese aktiwiteite. Jy stap verby die Ketehi warmbronne. Daar waar die bron uit die aarde borrel hang 'n dik stoomwolk in die vallei. 'n Skerp swaelreuk hang in die lug. Die water-temperatuur is nie erg warm nie, maar die stoom wat uit die gate uit kom is tot 138°C.

Na die hut stap jy kwaai afdraande, eers deur geil graslande en oor netjies geboude bruggies oor die stroompies en dan in 'n pragtige inheemse bos met verskillende soorte boomvarings, bome en pragtige struike. Onder by die parkeer area wag die "shuttle" vir ons en van die ander stappers en neem ons terug na die Back Packers Hostel.

Ons eet dié aand in die Nasionale Park se piepklein stasie-restourant. Na 'n heerlike, smaakvolle maal stap ons terug na die Back Packers waar ons oornag. Die volgende oggend ry ons kuier-kuier terug Wellington toe.

Dit was voorwaar 'n heerlik ervaring!

Vir meer inligting, Google Tongoriro Alpine Crossing.

Ledenuus

Baie, baie geluk aan Louis en Pat met hulle splinter-nuwe kleinseun, Francois. Baie geluk ook aan Jimmy en Leana - ons hoop hy bring vir julle baie liefde en vreugde!

Nuwe lede:

Lize Joubert, Estelle Marais, Marietjie van der Westhuizen, Jeanette Walker, Charmaine Coetzee en Annéli Machin het die afgelope paar maande by ons Afdeling aangesluit. Baie welkom!

(Dis dan net vrouens; stap mans nie meer nie!? – Red)

Mountain Books

Over the Top: Humorous Mountaineering Tales

Editor: Peter Potterfield; **Contributor: Greg Child (2002)**

The first in a series of anthologies of the best climbing literature written, mostly humorous.

Fallen Giants: A History of Himalayan Mountaineering from the Age of Empire to the Age of Extremes (2008)

Authors: Maurice Isserman; Stewart Weaver

In the first comprehensive history of Himalayan mountaineering in 50 years, the authors offer detailed, original accounts of the most significant climbs since the 1890s, and they compellingly evoke the social and cultural worlds that gave rise to those expeditions.

Revelations by Jerry Moffatt

This book won the Grand Prize of the Banff Mountain Book Festival. The announcement says, "Living standards for dedicated rock climbers in 1980s England were grim by any measure … Jerry Moffatt talks about the dole, subsisting for months on beans and tea, camping out in caves, in shacks, and under flimsy tarps at crag sites throughout the United Kingdom. It's all in service to the relentless training he undertook to become one of the best climbers and boulderers of his generation."

It was also shortlisted for the 2009 Boardman Tasker Award, which described it as "a highly readable and effective account of a seminal period in British rock climbing, marked by a professional attitude to training, by one of the key protagonists".

Well written and enjoyable.



Beyond the Mountain

by Steve House

The winner of the Boardman Tasker prize for mountain literature in 2009 (and also a category winner for Mountain Literature in the Banff Mountain Book Festival). It is described as "the very impressive climbing autobiography of one of the world's leading figures in alpine-style climbing in greater ranges."

The BT judge said, "There is one book in particular here which we all felt as soon as we finished it, we would want to read it again. Not because it was hard to read, but because of the depth. And those seem to us good reasons to declare it the winner."

EVEREST CLIMBERS

YOUNGEST EVER:

A 13-year-old American boy, Jordan Romero, became the youngest climber to reach the top of Mount Everest on 22 May 2010, as part of his quest to climb the highest peaks on all seven continents.

The teenager – who climbed Mount Kilimanjaro when he was 10-years-old - says he was inspired by a painting in his school hallway of the seven continents' highest summits. Jordan, from Big Bear, California, climbed Everest from the North side with his father, his father's girlfriend and three Sherpa guides. Everest was his first challenge above 8000m.

The former record for the youngest climber to scale Everest had been held by Temba Tsheri of Nepal. He reached the peak at age 16. Unlike neighbouring Nepal, China has no age limit for climbers. Arjun Vajpai, (16-years 11-months 18-days) is the youngest Indian National to have reached the top of Everest - he was a member of Apa Sherpa's expedition.



13-year-old American boy, Jordan Romero



OLDEST EVER:

Min Bahadur Sherchan, 76, is the oldest person ever to reach the summit of Mount Everest.

Sherchan, a Nepalese citizen, reached the top of the highest mountain in the world on Sunday, 25 May 2008. He was just 25 days off his 77th birthday when he did this, beating the record set in 2007 by Katsusuke Yanagisawa, who scaled the peak aged 71. Sherchan is a former soldier and an active sportsman.

Double Amputee Conquered Everest:

Mark Inglis, a double amputee who lost his legs to frostbite 23 years ago, reached the summit of Mt. Everest, making him the first ever double amputee to do so.

Beckoning Peaks

The hills have cast their spell upon my heart,
this earthly paradise I cannot leave.
A willing prisoner of this world apart,
for all those city lights I never grieve.

Drawn by the magic of those beckoning peaks,
my sturdy footsteps mark the mountain trails,
up scrambly slopes of grass, through glassclear creeks
whose cold thirstquenching succour never fails.

Then onto friendly rock in krantzes steep,
whose lovely jugholds soothe my nervous hands,
into a sandstone cave where I can sleep
or rest and watch the view over farflung lands.

Like a dassie in the sun I sit alone
and revel in this kingdom now my own.

Jack Day

Afslag by Cape Union Mart

Die Bergklub het 'n permanente ooreenkoms met Cape Union Mart dat lede 5% afslag kry op alle items wat daar gekoop word. Die ledekaart moet net getoon word.

There are only three sports – bullfighting, motor racing and mountaineering; all the rest are merely games.

- Ernest Hemingway